

# 20 Junie 2021 Vadersdag 4de Sondag van Koninkrykstyd

## 1 Vaderskap

In "The Capital of the World" vertel Ernest Hemingway die storie van 'n Spaanse pa. Die pa, wie se seun na Madrid weggeloop het, besluit om met sy seun te versoen. Gevolglik plaas die pa 'n advertensie in die El Liberal koerant: "Paco ontmoet my by die Hotel Montana Middageete Dinsdag Alles is Vergewe Papa." Paco is 'n algemene naam in Spanje. Toe die pa op die gegewe tyd by die plein opdaag, staan daar agthonderd jong mans vir hul pa's en wag.

Hierdie is 'n fiktiewe verhaal, waarvan die wye gebruik en universele impak dui op die diepte van die gebrokenheid en behoefte rondom vaderskap in die wêreld.



Die [State of South African Fathers](#) verslag wat in 2018 verskyn het (daar behoort vanjaar weer 'n nuwe verslag te verskyn), het aangedui dat 71% van Suid-Afrikaanse kinders wel 'n volwasse man in die huis het, waarvan (slegs) 35% die biologiese pa is. Hulle praat daarom van "sosiale vaderskap".

In dieselfde verslag praat hulle oor die eerste 1000, mees kritieke dae van 'n kind se lewe (vanaf bevrugting tot ongeveer 2 jaar). Hulle beeld die positiewe impak van 'n pa se teenwoordigheid in hierdie duisend dae met die grafiek links uit.

[Heartlines](#) het in 2020 ook 'n verslag saamgestel. Hulle sê: "it's complicated" en werk met drie waardes:

### Positiewe teenwoordigheid

Soos wat die grafiek hier langsaan aandui, is pa's se teenwoordigheid belangrik vir die welstand van kinders, maar ook vir ma's en pa's.

### Verantwoordelikheid

Ongelukkig word pa's se rol dikwels gereduseer tot finansiële voorsiening. Wanneer pa's dan nie kan voorsien nie, word hulle toegang tot kinders geweier of word dit gesien dat hulle nie goeie pa's is nie. Hoë vlakke van werkloosheid en armoede maak dit egter vir baie pa's onmoontlik om voorsieners ook te wees. *Vaderskap gaan oor liefde, betroubaarheid, beskikbaarheid en ondersteuning.*

### Empatie

Baie sosiale en politieke magte speel in op die verbroekeling van families in Suid-Afrika. Daarom is dit belangrik om mense met empatie en ondersteuning te benader, eerder as oordeel

en beskaming.

## 1.1 Lees meer

**Engaging South African fathers** - The MenCare Childcare and Protection Programme

<https://genderjustice.org.za/publication/engaging-south-african-fathers/>

**Fathers Matter** – Heartlines se projek om die positiewe rol van pa's in hul kinders se lewens te ondersteun <https://www.heartlines.org.za/fathers-matter/home>

**Fathers Matter Research Report** <https://www.heartlines.org.za/fathers-matter/the-report>

**State of South Africa's Fathers 2018** <https://genderjustice.org.za/publication/state-of-south-african-fathers-2018/>

## 2 Liturgie

### 2.1 God nooit ons uit en ons kom tot rus

#### 2.1.1 Rus

**Aanvangslied** NSG 351 *Ons is almal nou hier saam*

L164 *Ons is almal hier tesaam*

F184 *Ons Is Almal Hier Tesaam* <http://flam.kerkmusiek.co.za/product/f184/>

#### **Aanvangswoord (uit Psalm 9)**

Die Here is altyd op sy troon;  
op sy regterstoel is Hy steeds gereed vir die regspraak.  
Hy lewer 'n regverdige uitspraak oor alle mense,  
Hy vel 'n billike vonnis oor die nasies.  
Vir die mens wat in gevaar verkeer,  
is die Here 'n toevlug, 'n skuilplek in tye van nood.  
Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here,  
laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie.

#### **Seëngroet**

Genade en vrede van die God:  
God die Vader wat sy Seun na die wêreld toe gestuur het,  
Jesus Christus die Gekruisigde en  
die Heilige Gees wat ons aan Christus verbind. Amen

**Lied** NSG 331 *Father God in heaven, Lord most High*

L266 *Ons Vader wat woon in die hemel*

F95 *Onse Vader* <http://flam.kerkmusiek.co.za/product/f095/>

#### **Verootmoediging (uit 2 Kor 6)**

Voorganger: As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie. Hy sê: "Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp." Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding.

Gemeente: Ons harte is oop, Here

*Oomblik van stilte*

Voorganger: Ons harte is vir julle wyd oop. Ons het nie ons harte vir julle gesluit nie; julle het julle harte vir ons gesluit. Ek praat met julle as my kinders. Doen aan ons wat ons aan julle gedoen het: maak julle harte ook wyd oop!

*Oomblik van stilte*

### **Gebed**

Die ergste storms, Jesus, word veroorsaak deur ons vrees,  
wanneer ons vrees dat ons, ons mag sal verloor  
of ons word agterdogtig oor die mag wat ander het  
wanneer ons weier om U misterieuse gesag te erken;

Tog vind ons in die storm die kapasiteit om lief te hê.  
deur ons swakke aanspraak op mag te laat vaar  
en ontvanklik te wees vir u heerskappy.

ons ontdek 'n nuwe manier na hoe ons na onself kyk  
as geroep en nuttig en geliefd –  
en die ander, wie hulle ook al mag wees -  
as waardig en kosbaar en geliefd.

Hier in die storm, Jesus, het ons U nodig,  
en ons het mekaar nodig,  
en die liefde wat u ons gee om te deel,  
lei ons deur self-opoffering  
tot vrede en kalmte,

as ons maar net ons greep op vrees wil laat vaar.

*(oorspronklik in Engels by - <https://sacredise.com/loving-through-the-storm/>)*

### **Geloofsbelydenis**

Lees: 1 Samuel 17:45

Doen Apostoliese Geloofsbelydenis

### **Kers-moment (Opsioneel)**

Steek 'n kers aan vir alle pa's. Die wat lewe en die wat reeds gesterf het. 'n Kers van dank en ook van herinnering. Speel hierna [die lied \(Beeld van God\)](#) (gesing deur Ben en Sanet van Tonder van Graaff-Reinet-gemeente) of lees die woorde as 'n gebed.

### **Beeld van God (Flam 41)**

Jou lewe is 'n lofgedig, geskryf tot Sy eer  
Sorgvuldig elke woord gekies, soos die reënboog se kleur  
Jy's beplan in die hemel, verteenwoordiger van God  
Sorgvuldig aan mekaar geweef om te leef met een gebod.

Mag jy omgee en liefhê en so sy beeld uitdra  
In 'n wêreld wat verward is en na ware liefde vra  
Mag jy omgee en liefhê en so sy Naam vereer  
By almal wat op soek is na die antwoord op hul seer

Jy's gebore in die wêreld, maar gemaak vir 'n paradys  
Om te lag en te lewe, soos 'n prins in 'n paleis  
So waarom dan die sonde waaraan jy so bly klou.  
wat steeds Sy beeld vernietig en jou vreugde stukkend kou?

Onthou, jy's 'n beeld van God wat kan skitter soos kristal  
Om die wêreld te herinner daar's 'n God in die heelal  
Kom dan nou en vat Sy hand en leef soos sy kind  
Wat Hy self gemaak het en jy sal vreugde vind.

**Loflied**                NSG 165 *Jesus groot bo almal*  
                              L177 *Jesus, gróót bo almal*  
                              F250 *Jesus Groot Bo Almal / Ek Wil U Naam Besing*  
<http://flam.kerkmusiek.co.za/product/f250-in-d/>

### 2.1.2 Liedere

#### F184. Ons Is Almal Hier Tesaam

(RUBRIEK: Flam – Toetrede) Oorspronklik: We Have Come Into His House Teks en musiek: Bruce T Ballinger  
Afrikaanse teks: Attie van der Colf; Verwerking en alternatiewe teks: F Esterhuizen en Retief Burger, 2004  
Kopiereg: © 1976 Universal Music

Ons is almal hier tesaam,  
vergader in sy Naam,  
verheerlik Hom.  
Tot die dood was Hy getrou  
en daardeur is ons nou sy eiendom.  
Laat ons maak soos Hy ons sê,  
mekaar steeds lief te hê  
en Hom bo alles eer.  
Loof Hom, Christus die Heer. (x2)

Halleluja! Ek kan nie sonder U nie.  
Halleluja! Ek sal nie stilbly nie!  
Halleluja! Daar is geen ander Naam nie  
as Jesus Christus, die Heer,  
as Jesus Christus, die Heer.

#### F95. Onse Vader

(RUBRIEK: Flam – Gebed) Teks en musiek: Marina du Toit © Urial Publishing

Ons Vader wat daar in die hemel woon  
heilig is u Naam, heilig is u Naam.  
Laat ook nou u koninkryk hier kom.  
Laat u wil geskied by ons,  
net soos in die heem'le.

Gee vandag ons daagse brood,

vergewe ons ons skuld,  
net soos ons ook dié vergeef  
wat skuldig is teen ons.

En red ons van versoekings, Heer.  
Hou u hand oor ons.  
Verlos ons van die Bose,  
dat U kinders sterk kan staan!

Want aan ons Koning behoort die mag en majesteit  
en aan ons Koning behoort die krag en heerlikheid.  
Vir ewig! Vir ewig! (tweede keer x2)  
Amen!

#### F250. Jesus Groot Bo Almal / Ek Wil U Naam Besing

(RUBRIEK: Flammikidz – Lof en Verwondering) Oorspronklik: Jesus, Name Above All Names Teks en musiek: Nadia Hearn  
Afrikaanse vertaling: 1984 Attie van der Colf; verwerk met ekstra teks: Louis Brittz © Scripture in Song / Urial Publishing  
(Opgeneem op Luidkidz)

Jesus, groot bo almal  
Sterke Verlosser  
Magtige Heer en Heiland  
Immanuel, God is met ons  
Reddende Here,  
Lewende Woord.

En ek wil u Naam besing  
vir U my lewe bring.  
Ja, ek wil u Naam besing,  
Heilige Heer.

#### VONKK 58 Ons Vind Ons Krag In Die Here

Nav Jeremia 17:7 Teks: Neelsie van Zyl 2007 © Melodie: NEELSIE – Neelsie van Zyl 2007 © Orrelbegeleiding: Albert Troskie 2009 (Pro Deo)  
Klavierbegeleiding: Anton Esterhuysen 2009 © 2009 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)  
RUBRIEK: Kontemporêr – Geloof en Vertroue, Uitsending

Ons vind ons krag in die Here –  
op Hom sal ons vertrou,  
op Hom sal ons vertrou.  
Ons vind ons krag in die Here –  
Hy maak ons soos 'n boom wat vrugte dra,  
Hy maak ons soos 'n boom wat vrugte dra.

## 2.2 God praat met ons en ons luister

### Epiklese

Lewende Here,

ons bid nou dat u lewende woorde  
nie by ons 'n hart van klip en 'n kop van yster sal aantref nie,  
maar 'n leergierige gees wat werklik soek na die betekenis van die nuwe lewe in U.  
Laat ons hier werklik ervaar  
dat U ons Vader is wat ons as u kinders aangeneem het,  
dat u ons Verlosser is wat namens ons gesterf het  
en weer opgestaan het  
en dat U deur u Gees ons harte verlig om u stem te hoor.  
Amen.  
*(Johannes Calvyn: uit gebedeboek met liturgiese voorstelle)*

### **Skriflesing**

1 Samuel 17:(1a, 4-11, 19-23) 32-49

### **Familie-oomblik**

Die storie van Dawid en Goliat is welbekend maar bly steeds fassinerend. Oorweeg om die storie te vertel deur gebruik te maak van [rollespel](#) of 'n [dramatiese lees van die verhaal met voorlesers](#) .

By <http://childrenssermonstoday.blogspot.com/2012/06/june-24-2012.html> is daar 'n inleiding wat soos volg aangepas kan word:

Wie is sterker?

Superman of Batman

'n Leeu of 'n kat

'n Reus of 'n skaapwagter

*Sê dan:* In vandag se verhaal is daar ook 'n reus en 'n skaapwagter. Kom ons kyk wie van hulle twee is sterker?

### **Prediking**

## **2.3 God stuur ons om te leef**

### **Gebed**

### **Offergawes**

### **Wegsending**

V58 *Ons Vind Ons Krag In Die Here* <http://vonkk.kerkmusiek.co.za/product/vonkk-00058/>

L513 *Soek in God jou sterkte*

L284 *Laat Heer u vrede deur my vloei*

### **Seën**

Mag die Here Jesus Christus by jou wees om jou te beskerm;

binne-in jou wees om jou te verfris;

rondom jou wees om jou te bewaar;

voor jou wees om jou te lei;

agter jou wees om jou te regverdig;

bo jou wees om jou te seën.

Hy wat saam met die Vader en die Heilige Gees

leef en regeer – God vir ewig en altyd.

*(uit Gebedeboek met Liturgiese Voorstelle)*

*of*

Mag jy omgee en liefhê en so sy beeld uitdra  
In 'n wêreld wat verward is en na ware liefde vra  
Mag jy omgee en liefhê en so sy Naam vereer  
By almal wat op soek is na die antwoord op hul seer  
(F41 refrein)

#### Antwoord

L268 Laat, Heer, u seën op [ons] daal

### 3 Preek-gedagtes

#### 3.1 Teks: 1 Samuel 17:(1a, 4-11, 19-23) 32-49

<sup>32</sup> Dawid het vir Saul gesê: "'n Mens moenie moed verloor oor hom nie. U dienaar sal gaan en teen hierdie Filistyn veg." <sup>33</sup> Maar Saul sê vir Dawid: "Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is nog maar 'n seun, en hy is 'n krygsman van sy jeug af." <sup>34</sup> Toe sê Dawid vir Saul: "U dienaar het nog altyd vir sy vader die kleinvee opgepas. Wanneer daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n lam uit die trop wegdra, <sup>35</sup> gaan ek uit agter hom aan, slaan hom plat en ruk die lam uit sy bek. As hy opstaan en my aanval, gryp ek hom aan sy kaak, slaan hom plat en maak hom dood. <sup>36</sup> U dienaar het al 'n leeu en selfs ook 'n beer doodgeslaan. Met hierdie onbesnede Filistyn sal dit net soos met een van hulle gaan, omdat hy 'n bespotting maak van die gevegslinies van die lewende God. <sup>37</sup> Die Here wat my gered het uit die klou van 'n leeu en die klou van 'n beer," het Dawid gesê, "dit is Hy wat my sal red uit die hand van hierdie Filistyn." Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here met jou wees!" <sup>38</sup> Saul het Dawid sy eie uitrusting laat aantrek. Hy het 'n helm van brons op sy kop gesit en hom 'n harnas laat aantrek. <sup>39</sup> Dawid het ook Saul se swaard oor sy uitrusting vasgegend en probeer om te loop, want hy het dit nog nooit probeer nie. Dawid sê toe vir Saul: "Ek kan nie hiermee loop nie, want ek het dit nog nooit probeer nie." Toe haal Dawid dit van hom af. <sup>40</sup> Hy het sy staf in sy hand geneem, vir hom vyf gladde klippe in die spruit uitgesoek en dit in die skaapwagtersak wat hy gehad het, in die kantsak, gesit. Met sy slingervel in sy hand het hy die Filistyn genader. <sup>41</sup> Die Filistyn het al hoe nader aan Dawid gekom, met voor hom die man wat die grootskild dra. <sup>42</sup> Toe die Filistyn mooi kyk en Dawid sien, het hy hom geminag, want hy was nog maar 'n seun, rooierig, en met 'n mooi voorkoms. <sup>43</sup> Die Filistyn sê toe vir Dawid: "Is ek 'n hond dat jy met stokke na my toe kom?" En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode. <sup>44</sup> Verder sê die Filistyn vir Dawid: "Kom na my toe, sodat ek jou vleis vir die voëls van die hemel en die diere in die veld kan gee." <sup>45</sup> Maar Dawid het vir die Filistyn gesê: "Jy kom na my met 'n swaard en met 'n vegspies en met 'n kromswaard, maar ek kom na jou in die Naam van die Here, Heerser oor alle magte, die God van die gevegslinies van Israel, van wie jy 'n bespotting maak. <sup>46</sup> Vandag sal die Here jou in my hand oorlewer, en ek sal jou verslaan en jou kop afkap. Ek sal die lyke van die Filistyne se leër vandag nog aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde gee, sodat die hele aarde sal weet dat Israel 'n God het. <sup>47</sup> Dan sal hierdie hele stryd mag moet erken dat dit nie deur swaard en vegspies is wat die Here verlos nie. Ja, die oorlog behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee." <sup>48</sup> Toe die Filistyn gereedmaak en al nader kom om Dawid tegemoet te loop, het Dawid die Filistyn vinnig tegemoet gehardloop in die rigting van die gevegslinie. <sup>49</sup> Dawid het sy hand in die sak gesteek en 'n klip daaruit geneem, met die slingervel gegooi, en die Filistyn op sy voorkop getref. Die klip het sy voorkop binnegedring, en hy het op die grond op sy gesig geval.

## 3.2 Riglyne

Hierdie week se Leesrooster-teks bied sinvolle moontlikhede wat met die oog op Vadersdag ontgin kan word.

### 3.2.1 Woord en Fees: Hoe ons kyk

Kyk in Bybel-media se [Woord en Fees](#) vir eksegetiese en hermeneutiese agtergrond. Hier gee Gerhard Bothma ook 'n preekriglyn, waarin onder andere gesê word:

Een van ons grootste uitdagings in die lewe [is] om verby moedverloor te kom, sê die skrywer van hierdie teks. Dit is om verby die oënskynlike te kyk... Hoe ons onself, ons omstandighede – bedreigings ingesluit – en mense sien en beskou, bepaal ons ingesteldheid, reaksies en optrede.

Die prediker sou met hierdie lyn kon aansluit by Vaderskap: die uitdagings van vaderskap; hoe ons pa's sien; hoe pa's hulleself sien; hoe dit hul optrede bepaal of kan bepaal (sien opmerkings by -1- oor Vaderskap).

### 3.2.2 Preekriglyne: Onkonvensionele mag

Die voorstel by [Preekriglyne](#) bied ook 'n uiters sinvolle lyn wat op Vadersdag van toepassing gemaak kan word.

Hierdie preekstudie praat oor mag: onkonvensionele mag, God se mag en eindig met die vraag na waar ware mag lê.

Aangesien die heersende diskoers rondom Vaderskap – en spesifiek manlike mag – so toksies is en dikwels letterlik lei tot geweld, is hierdie 'n baie sinvolle lyn om op Vadersdag uit te pak. 'n Mens het nie eers nodig om te verwys na toksiese diskoerse rondom manlike mag of geweld nie. Die prediker sou gewoon kon verwys na die magtelooheid van konvensionele mag, hoe dit mense ontmagtig wanneer hulle op hul eie mag probeer staat maak. Jy kan dan beklemtoon dat werklik mag lê in vertroue op God, in swakheid, in nederige diens en (sou ek byvoeg) in self-prysgawe.

### 3.2.3 Die dapper held

Ons is altyd vreeslik versigtig om tog net nie allegories te wees nie, maar die prediker kan ook die gemeente help om hulleself in die verhaal raak te sien.

Almal verwag van pa's om dapper helde te wees. Waarskynlik lyk ons verwagtings hoe daardie dapper helde moet lyk meer soos Goliat as Dawid. (Die prediker sou verwagtings hier kon uitspel, moontlik met die uitpak van die tipiese superhero<sup>1</sup>/voorsiener diskoers. Daar sou ook, t.w.v. inklusiwiteit, verwys kan word na verwagtings wat op almal rus, wat nie noodwendig spesifiek op pa's is nie.)

Daar is verskillende maniere waarop 'n mens op die uitdagings en druk van hierdie verwagtings kan reageer. Dalk met bravade. Jy kan op jou eie krag vertrou. Jy kan jouself probeer pantser met goed waaraan jy so swaar dra, dat dit jou eintlik plat trek. (Weereens sou die prediker voorbeelde kon

---

<sup>1</sup> Vir 'n interessante akademiese studie oor die evolusie van die karakter Superman en idees oor manlikheid, lees gerus Nathania Hendriks se tesis *Superman: The Man and the Myth – A Theological Exploration of the Influence of Popular Culture on Masculinity* beskikbaar by <https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/100840> - klik onder om die pdf oop te maak.



noem van die dinge waarmee mense hulleself probeer pantser of hoe mense op hul eie krag vertrou. Afhangende van konteks kan mens verwys na lang werksure en 'n ongesonde strewe na sukses en status, partytjies en drank, onwilligheid om emosie anders as woede te wys, ens. Onthou weereens om voorbeelde te noem wat nie noodwendig spesifiek op pa's van toepassing is nie.)

Die vraag is dan: hoe sal dit lyk as ons in die krag van die Here optree, eerder as om deur menslike verwagtings in menslike bravade op te tree? Hier sou die [Preekriglyne](#) se gedagtes oor mag baie sinvol kan wees. Jesus se voorbeeld van selfprysgawe ontsluit die Here se krag vir ons. Sy krag lê juis in sy sterwe aan die kruis, in die liefde tot die dood.

## 4 Saamgestel Deur

Hendry Tromp (VGK Gelvendale)

Rethie van Niekerk (Blouwaterbaai Familiekerk)

Flam 41 opname: Ben en Sanet van Tonder (NGK Graaff-Reinet)